led the way with the leaders, then followed the remainder of the believers in an orderly rank, singing all the way down to the water’s edge. Those to be baptised stood on one side of the river along with the leaders, while the congregation were on the opposite side on the slope of a hill. Europeans and selected native singers led the singing during the ceremony.

Our hearts were touched as we witnessed the solemn scene as these men and women and young people followed their Saviour. Among the sixteen, was a very old woman who was almost totally blind. It did our souls good to see this dear old soul in the eleventh hour of her life find spiritual sight.

The enemy of God’s message is surely doing his best in this part of the country to overthrow the work. Opposition from other denominations is strong, and people are warned against this Truth, but his efforts are all in vain, for the honest in heart are finding the Truth and joining this army of pilgrims.

I was recently privileged to attend a marriage ceremony in our mission church. I was greatly impressed with the orderly behaviour of everyone present. The native custom is entirely different from what we are accustomed; the marriage ceremony is always accompanied by loud shouting, singing, clapping of hands and uncouth gestures. This marriage which was solemnised in our church was notably different. Order and peace prevailed and the solemnness of the occasion was impressed upon the minds of the natives present.

Advancement is also being made on the mission itself. Since I was last here, a house has been erected for the director, who previously lived in temporary buildings. A native school which is attended by about fifty children was opened last year. The seed is sown in the hearts of the young, and we firmly believe that a harvest shall be reaped.

It is hard to believe that it was only about three and a half years ago that we arrived here to open the work. There was no church building in which to worship our Creator, but a few interested people met with us under the trees, where our worship was sometimes interrupted by a visit from a snake. From the very beginning of the work there was strong opposition, but He that is for us is

Literature Sales, January to November, 1930

NOV.	SUBSCRIPTION BOOKS	PERIODICALS & OFF. SALES	TOTAL FOR NOVEMBER	TOTAL 9 MONTHS
Cape Conference				
1929	£855 14 9	114 16 5	970 11 2	6214 11 5
1930	1235 0 8	95 2 7	1330 3 3	5642 5 11
Natal-Transvaal Conference				
1929	515 12 6	189 11 4	705 3 10	6687 2 11
1930	978 0 0	179 3 3	1157 3 3	5756 2 9
Transvaal-Delagoa Mission Field				
1929				
1930	89 14 0	41 17 2	131 11 2	740 16 6
Zambesi Union				
1929	63 14 0	38 12 7	102 6 7	1042 14 0
1930	277 10 1	52 5 8	329 15 9	1832 0 2
African Division				
1929	1435 1 3	343 0 4	1778 1 7	13944 8 4
1930	2580 4 9	368 8 8	2948 13 5	13971 5 4

surely greater than he that is against us.

The director and his band of workers are planning to launch forth strong evangelistic campaigns during this year, so that in a still stronger way the Message may spread. We trust that our brethren and sisters in the field will remember this work before the throne of grace.



Colporteurs Wanted

WE need several consecrated fearless men and women, whose chief interest is to see sinners converted to God. Twenty-five student colporteurs will soon leave the canvassing work and return to school. We need a number of regular colporteurs to take their places. No previous experience necessary. All we require is that you hate sin, but love the sinner.

Brother Fred Ficker sold £80 worth of "Bible Readings" in one week. Brother Norman Cowley sold over £40 worth of books in a week. Many of our men are averaging over £20 a week. These men pray God will bless you if your motive is right. Write to Brother F. E. Potter, P. O. Box 378, Port Elizabeth, or to Brother S. J. Fourie, P. O. Box 6154, Johannesburg, for full particulars.



"If our lives are filled with holy fragrance, if we honour God by having good thoughts toward others, and good deeds to bless others, it matters not whether we live in a cottage or a palace."

Obituaries

ERNST.—Felix Carl Ernst was born January 14, 1856 at Berlin, Germany, and died at Mt. View, Pretoria, December 13, 1930. For many years Brother Ernst had been troubled with an asthmatic cough that caused him much suffering, but when the end came he quietly fell asleep as peacefully as a babe in its mother's arms.

While in his youth, he sought his fortune in South Africa, where he found his life companion. They celebrated their golden wedding in July last. In 1892 they began keeping the Lord's Sabbath through reading the good book "Daniel and Revelation." They did not know that there was a Christian Sabbath-keeper in the world, but in a short time they were led to the Roeland Street church by an outsider, where Elder S. N. Haskell was then holding services each evening and at six o'clock in the morning.

It was not long till he was called into the Lord's work where he spent the greater part of the remainder of his life. When the writer arrived in South Africa in 1898, Brother Ernst was conducting a mission at Kingwill'amstown, and several persons accepted the Message under his labours. Later, he was invited to Natal where he sold our good books in the country districts. For a time he lived at Vryheid and while there a church house was built and a work established. For several years, he did self-supporting work in the Transvaal. We were able to trace his footsteps by the believers that were left behind.

A few days prior to his death I visited him and we had a long talk about the early days of the Message in this field. We had just received word of the death of Brother F. Reed and the query was raised, who will be next of the old workers to fall asleep? Upon my arrival in Africa, I found Brethren Freeman and Reed in charge of the office in Cape Town and Brother Webb in charge of the Roeland Street Baths. Elder Smalles was acting a part in the work also. 1930 has seen all these brethren laid to rest, awaiting the call of the Life-giver, and now another pioneer is resting from his labours.

Pastor W. L. Hyatt assisted the writer

at the funeral services. Our brother was conscious till the last and died in confidence and hope of having part in the first resurrection. W. S. HYATT.

WILSON.—Lenie Wilson died at Observatory, on December 16, at the age of 49 years. Sister Wilson was a devoted member of the Salt River church for twenty-two years, having accepted the Truth under the labours of Elder May. Sister Wilson was the only member of the family who had accepted the Truth, and her lot was not pleasant. But her life was exemplary, and she was loyal to the Message.

She was laid to rest in our allotment at Woltemade, No. 3, and the writer spoke words of comfort at the grave-side. To the bereaved husband and family we extend sympathy, hoping that they may accept Christ and look forward to a happy reunion when Jesus comes.

D. C. THEUNISSEN.

KALAKA.—His many friends will regret to learn of the death of Pastor M. D. Kalaka of Spion Kop Missionary Institution. Pastor Kalaka had been visiting Basutoland in the interests of the school, but he returned to Ladysmith on Wednesday, December 17, where he was met by Elder F. E. Thompson, who endeavoured to persuade him to go to the Sanitarium. However, though very ill, Pastor Kalaka felt he wished to go home first. On Thursday night he was so much worse that he was hurried to the Sanitarium, where he fell asleep at midnight on Sabbath, December 19.

Pastor Murray Kalaka was born at Morija on March 14, 1872. While he was a young man, his father accepted this Message, and Pastor Kalaka studied and was baptised into this Truth in 1903. On the death of his father, Pastor Kalaka took over his work as translator, and started to teach at Kolo. After being ordained to the ministry of the Seventh-day Adventist Church in 1910, he returned to Leribe to labour, where he remained for sixteen years. After two years at Bloemfontein he connected with Spion Kop in 1928, and was associated with the school until the time of his death.

In 1894 he married Sister Ilrina Sefadi, there being seven children of the marriage. The widow and four daughters remain to sorrow the loss of a devoted husband and father.

Pastor Kalaka was laid to rest at the riverside, after an impressive memorial service in the school chapel, conducted by Elder F. E. Thompson. Elder E. D. Hanson spoke words of comfort at the grave-side.

To those who have had the privilege of working with Pastor Kalaka, he greatly endeared himself for his unselfish, cheerful disposition and his sterling character. To the students under his care he acted as a father, making no distinction as to nationality but was ever fair and just in all his dealings.

Yet while we sorrow in the loss of a dear co-worker and friend, it is not as those who have no hope, for we know that our brother but sleeps to await the touch of the Life-giver, whom he served faithfully and well.

F. E. THOMPSON.

Die Here Verwag

L. A. VIXIE

“PAPPIE kom binnekort huistoe,” sê mummie. Watter seun of dogter word nie verruk deur die nuus dat pappie huistoe kom nie? Vandat daar sprake is dat pappie kom, begin die kind vir aanduidings te kyk dat die gebeurtenis gaan plaasvind. Die ware kind van die gemeente het dieselfde verlange omtrent die wederkoms van Kristus, en hy kyk gedurig uit na tekens van daardie gebeurtenis.

Daar is geen traktaat, blad, of boek wat meer tydige tekens van die Wederkoms bevat nie as ons *African Signs of the Times*. Ons verwag dan ook dat elke Sewende-dag Adventis dit sy, of haar voorreg, beskou om die blad voor die te plaas wat nie die tekens vir die groot gebeurtenis ken nie. Die *Signs* Veldtog Week is van 31 Januarie tot 7 Februarie. In die week sal elke Sewende-dag Adventis wat verlang na die wederkoms van Kristus, die voorreg hê om die blad voor sy vriende en bure te plaas. Die vyand van alle geregtigheid sal u sê om te probeer vrygestel word van uit te gaan met die *Signs*, maar u durf nie na sy suggestie luister nie. Die veiligste rigting vir ons is om die uitnodiging aan te neem om die nuus na ander te bring, en te glo dat ons alle dinge deur Kristus vermag wat ons krag gee.

Dit is maklik om die roepstem te gehoorsaam as u dit as 'n geleentheid beskou om u bure te vertel wat die naaste aan u hart lê. Moenie probeer om 'n aangename uitlegging van die wederkoms van Kristus te maak nie. Gee so eenvoudig as u kan uiting aan die verlange van u hart. Onthou die opregtes van hart sal die geleentheid om meer van Kristus se wederkoms te leer gebruik as dit in 'n eenvoudige Kristelike manier voorgedra word. Ons hoef nie probeer om die bekwaamheid van 'n eware handelaar aan die dag te lê nie, maar ons moet die opregtheid van 'n wedergebore hart toon. Die uitslae sal baie gouer wees as met enigiets anders.

Die intekenprys is slegs 2/6, en as u duidelik maak dat die *Signs* van die weinige godsdienstige blaaië in Suid-Afrika is, sal u verbaas wees hoeveel mense alte gewillig daarop sal wil inteken. Onthou u sukses hang af van u verlange om siele vir die kinkryk te red.

Signs of the Times

L. A. VIXIE

DIE jaarlikse veldtog van die *Signs of the Times* is gereël deur die Diwiesie department vir Binnelandse Sending vanaf 31 Januarie tot 7 Februarie, en is 'n geleentheid vir 'n ander groot voorwaartse stap in sendingwerk. Die entoesiasme en werksaamheid van ons leiers en gemeente 'n jaar gelede het ons in staat gestel om elke maand duisende tydskrifte in

**Waarom
nie 'n Klub
Sielreddende SIGNS
in elke
Sielreddende Kerk
nie?**

die huise van Suid-Afrika te besorg. Daar word 'n goeie werk gedoen wat ons in die ewigheid eers tenvolle sal uitvind.

Die aanstaande veldtog bied 'n nog groter geleentheid aan omrede die blyke van die jaar dat profesie haastig vervul word, en dat die Gees van God op 'n wonderbare wyse werk met die getroue bediening van die *Signs of the Times*.

Verwyder Vooroordeel Deur Signs te Sirkuleer

L. L. MOFFITT

VOORORDEEL is 'n onbillike, onredelike en onnodige teësin; dit is werklik 'n te voorbarige oordeel. Dit is 'n wederstrewige gemoedstoestand wat ontstaan deur 'n vooropgesette sienswyse wat op onvertroubare of onvoldoende informasie berus. Dit is 'n gedagte of gevoel teen enigiets sonder enige regmatige redes of genoegsame kennis.

Ons kom baie opposiesie en vooroordeel teen omdat mense nie weet wat Adventiste waarlik glo en leer nie. Hulle het partydige en verdraaide informasie gekry. Die mense moet bekendraak met ons beweging. In 'n vergange nummer van die *Review and Herald*, skryf Eerw. Longacre van die volgende ervaring:

“Dekaan Haggard het 'n uitnodiging aangeneem om in ons hoofkwartier-kerk in Takoma Park in ons Sab-

badiens op 18 Oktober te spreek. En met diep gevoel het hy gesê dat die voorreg om in die hoofkwartierkerk van Sewende-dag Adventiste te spreek en te aanbid een van die aangename tye in sy lewe is. Hy het vertel hoe in die verlede sy vader wat ook prediker van die “Disiepels van Kristus” was, hom geleer het om die leerstellings van die Sewende-dag Adventiste te haat, en dat die predikers van sy genootskap nooit veel liefde vir die Adventiste gehad het nie; en dat hy verlig geword het deur sy nuwe ontdekking deur persoonlike aanraking en deur van naby ons leer te ondersoek.”

Daar is ongetwyfeld nog veel meer wat moet verlig word. Een manier om die vooroordeel af te breek en om die mense te help om die groot waarhede van die Bybel te verstaan, en om die publiek bekend te laat raak met ons beginsels is om aanhoudend en gedurig en orals te gebruik: *Africa's Prophetic Monthly*,—*The Signs of the Times*.

* *

Die Signs vir Evangelisasie

W. LEROY HYATT

DIE drie provinsies waaruit die Natal-Transvaalkonferensie bestaan is 213,775 vierkante myle. Die blanke bevolking is 974,331 of 55 persent van die totale blanke bevolking in die gebied van die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie. Die stede en dorpe beslaan maar 'n klein oppervlakte. Daarom bestaan die groot gedeelte van ons konferensie-gebied uit plase.

Van die plase lê vër in die binneland, waar boere in baie gevalle myle van mekaar is. Hoe gaan ons die Derde-engelboodskap na hulle bring? Dit is van die ernstige vrae in ons konferensie werk. Natuurlik kan die evangelis hierdie mense nie besoek nie. Ons kan ook nie verwag dat 'n bybelwerker elke huisgesin 'n reeks bybelstudies moet gee nie.

Hierdie plekke is so ver uitmekaar dat dit amper onmoontlik is vir 'n toegewyde kolporteur om hulle te besoek. Hoe sal ons hulle kan help?

Die Unie Regering het 'n deeglike en 'n volkome poswese wat gereeld die dele bykom. Dit is moontlik om lektuur aan hierdie mense te pos. In die geval kan die *Signs of the Times* uitstekende evangelie werk doen.

Die blad met waarheid wat gereëld maandeliks van die drukpers kom behoort by grote wyse versprei te word

tussen die mense in die binneland so-wel as in die stede en dorpe. Die mense in die binneland lees byna enigiets wat hulle kry. Ons glo dis 'n uitstekende middel om die mense te bereik wat in die verafgeleë dele van ons gebied lê.

Dis gladnie ongewoon nie om te hoor van mense wat belangstellend is in die Waarheid deur die lees van die *African Signs*. Ons kry gedurig briewe van hulle, maar weëns gebrek aan ruimte verhinder dit ons om daarvan aan te haal. Ons glo dat almal behoort intekenare vir die *Signs* te werf. Die mense waardeer 'n blad meer as hulle daarop ingeteken het as wanneer hulle dit verniet kry.

Laat ons die eerste veldtog vanjaar 'n ware sukses maak. Laat elke lidmaat se voornemens wees om in elke veldtog vanjaar deel te neem, en begin hiermee.



Ons Organisasie

W. B. COMMUN

“WAT is die geheim van ons voo spoed. Ons het onder die bevel van die Leidsman van ons saligheid aangegaan. God het ons gesamentlike pogings geseën. . . . Die stelsel van organisasie is bewese 'n grote sukses te wees. Terwyl ons aangegaan het, was ons organisasie nog altyd doeltreffend. . . . Laat niemand ooit dink dat ons sonder organisasie kan klaarkom nie. Dit het veel oordenking en vele gebede gekos. . . . Engelse werk in harmonie. Daar is volmaakte orde in al hul bewegings. Hoe meer ons die harmonie en orde van die engelheir navolg, hoe meer suksesvol sal die pogings van hierdie hemelse wesen wees om ons te help.” —“*Testimonies for Ministers*,” blss. 27, 28.

Uit die sitaat sal ons maklik insien dat God Sy volk bygestaan het om ons huidige organisasie volkome te maak. Orde is een van die hemelse wette. Onlangs was ons aandag op ons organisasie gebring in 'n brief van 'n prokureursfirma. Die brief was omtrent die vergange hofsak waarin die Diwiesie betrokke was.

Die prokureurs het aangaande die genoemde saak aan die Diwiesie geskryf en gesê, “Ons is seker dat u in u skik behoort te wees oor die opmerkinge van die Hoofregter, oor die uitnemendheid van u organisasie; en hy is onder die indruk dat dit so naby moontlik volkome is as wat kan wees om 'n wêreld-wye organisasie te beheer.”

Jaarlikse Vergadering van die Diwiesie Komitee

W. B. COMMUN

Die jaarlikse vergadering van die Diwiesie Komitee vir 1930 het van 14 tot 22 Desember op Claremont gesit. Gedurende die tyd was ook die jaarlikse vergaderings van die Raad van die Diwiesie Inrigtings gehou. In die verlede uitgawe van ons blad het ons beloof om aan ons lesers sommige van die belangrike planne te rapporteer wat beraam is vir die uitbreiding van die werk in die hele Diwiesie gebied.

Verdeling van Begroting

Een van die eerste sake wat onder bespreking gekom het, was die verdeling van die fondse wat die Algemene Konferensie vir 1931 aan die Diwiesie toeken. Die broeders wat van verskillende dele van die veld kom, het 'n sware las vir die bevordering van die werk in hul velde. “Die doel van God is altyd hoër,” en die verspreiding van die Evangelieboodskap kan nie teruggehou word omdat daar in die wêreld 'n finansiële slapte is nie. Daar is niks wat die vooruitgang van die werk kan terughou nie en die versoeke wat na die unie-superintendente kom vir hulp van die evangeliedienaar, die onderwyser en die bybelwerkster lyk groter as wat die begroting vir 1931 kan nakom. Maar daar was geen ontmoedigende woord geuit nie. “Die Here het 'n duisend weë waarvan ons niks weet nie,” was die boodskap wat met die vergaderinge tot die diensknegte van die Here gekom het terwyl hulle met die probleme geworstel het.

Die Algemene Konferensie was verplig om die jaarlikse toekennings aan die wêreld-diwiesies te verminder omrede 'n tekort aan sendingsfondse; en met die oog op die toestand, en met die gedagte dat die lewenskoste tans minder is, was dit

Besluit, “Dat 'n vermindering van vyf persent gemaak word in die salarisse van alle blanke werkers in die Afrikaanse Diwiesie vanaf 1 Januarie, 1931.”

Die vooruitgang van die werk in die sendingvelde van Afrika is 'n groot las op die harte van die broeders van die Algemene Konferensie en van die gemeentelêde in Amerika. Die Afrikaanse Diwiesie Komitee het na oorweging

Gestem, “Om 'n woord van waardering aan die Algemene Konferensie te rig vir die vrygewige finansiële toe-

kenning vir 1931, en hulle te verseker van 'n volle ondersteuning van die program om die fondse so ver as moontlik te laat gaan deur salarisse en uitgawes in die hele Afrikaanse Diwiesie in te kort, en enigiets te bespaar waar dit tot die welvaart van die werk mag strek.”

Doele

Om net 'n doel vas te stel sal nie veel baat nie, maar die begeerte van die broeders was om 'n doel van ledetal te hê om na te strew, en te behaal by die end van hierdie vierjarige tydperk, en het gebid dat die Here se seëninge mag rus op die toegewyde werkers wat uitgaan en in die vier jaar die saad van waarheid saai. Ons bid dat die Gees van God die kosbare saad sal seën, en dat dit vrugte mag voortbring vir die koninkryk van God.

Daar was *Gestem* dat ons gedurende die vierjaar streef om die volgende doele te bereik in die Diwiesie vir die volgende sitting van die Algemene Konferensie:

26,000 Gemeentelêde.
45,000 Sabbathouers.
50,000 Sabbatskoollede.

Die Here is gewillig om die mensdom in die groot werk van sieleredding te gebruik, en Hy is gewillig om ons gifte aan te neem, en het beloof om hierdie bydrae te seën en te vermenigvuldig dat almal 'n deel mag hê in die saligheid van ander. Die Komitee het finansiële doele vir 1931 gestel en die volgende voorgestel:

Blanke werkers	5/- per week.
Blanke leeklede	2/6 per week.
Kaapse Bruin lede	1/3 per week.
<i>Inboorling lede:</i>	
Suid-Afrikaanse Unie	4d. per week.
Angola Unie	2d. per week.
Kongo Unie	1½d. per week.
Suidoos-Afrikaanse Unie	1d. per week.
Sentraal-Afrikaanse Unie	¾d. per week.

Datums van Vergaderings

Die datums vir die vergaderings van die Diwiesie Raad en vir die Unie-Sending gemeenskap was bepaal, en ons probeer net om die datums van hierdie vergaderings te gee. Volle besonderhede sal later gegee word:

Diwiesie Konferensie sal in Boelawajo gehou word 2 tot 5 Junie.

Diwiesie Raad sal in Boelawajo gehou word 5 tot 14 Junie.

Gemeenskap- en Kampvergaderings

Sambesie Unie, 15 Junie tot 15 Augustus.
Suidoos-Afrik. Unie, Julie tot Augustus.
Angola Unie, Mei en 15 Augustus tot 1 September.

Kongo Unie, 1 Julie tot 15 Augustus.
Sentraal-Afrikaanse Unie, September.

Verplasing en Beroeping van Nuwe Werkers

"Besluit, Dat Dr. Sturges aangesel word as mediese sekretaris vir die Sentraal-Afrikaanse Unie, en dat hy die pos kan beklee, die Kongo Unie gevra word om hom af te staan.

"Dat die Suid-Afrikaanse Unie gevra word om Broeder Robert Buckley af te staan om na die Samesie Unie te gaan.

"Dat die Suid-Afrikaanse Unie gevra word om Joseph Malinki goedgeunstig af te staan om die beroep van die Sentraal-Afrikaanse Unie aan te neem.

"Dat Dr. Frank Ingle gevra word om in die Suidoos-Afrikaanse Unie te kom werk.

"Dat Broeder Melvin Sparrow gevra word om vanaf 1 Mei a.s. in die Samesie Unie te kom werk.

"Dat Broeder Ernest Marter gevra word om die beroep vir die werk in die Kaapkonferensie aan te neem.

"Dat Mej. Grace Burton gevra word om die beroep vir diens in die Samesie Unie aan te neem.

"Dat Mej. Gwennie Tarr gevra word om die beroep van die Sentraal-Afrikaanse Unie aan te neem.

"Dat Broeder Valentine Davies gevra word om die beroep van die Sentraal-Afrikaanse Unie aan te neem.

"Dat Broeder J. E. Symons van die Diwiesie kantoor gevra word om die beroep vir diens in die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie aan te neem.

"Dat Broeder J. V. Wilson van die Kongo Unie gevra word om op Helderberg College te kom werk."

Kongo U. Sending

C. W. Curtis Superintendent
Miss L. Kleinert Sekr.-Tes.

Bus 250, Elisabethville, Congo Belge

Die Mediese Werk op Songa-sendingstasie

A. S. DE GOURVILLE

WANNEER 'n mens aan die mediese werk dink, dan dink jy aan 'n groot hospitaal met die verskillende geboue op 'n ruime plek. Maar in die sendingwerk, is die gesig heeltemal anders. Dinge is baie verskillend op 'n mediese sendingstasie, maar die verskil is net in voorkoms. Daar bestaan dieselfde stryd tussen lewe en

dood, daar vind dieselfde proses plaas van siekte te genees, maar onder heeltemal ander omstandighede.

Die hospitaaltjie en apteek op Songa-sendingstasie doen goeie werk onder toesig van Dr. Sturges. Elke oggend om sewe-uur sit daar 'n groot klomp siekmense op die grond, en in hul midde staan 'n inboorling-onderwyser wat die lewenswoord aan hulle verkondig. Hulle is waarlik 'n gemengde klomp. Die afgryse sere het die gesigte en liggame so mismak dat jy naer word om na hulle te kyk; party kan skaars loop, babetjies wat eerder na dood as na lewe lyk, oumanne met die littekens van verwoesting van sonde en siekte. Hulle kom almal met groot verwagting. Die *mganga*-dokter is daar en kan hulle genees. Het hy dan nie hul moeder, of broer soos die geval was, genees nie? Die gesig herinner jou aan die skare wat vanouds op die Grote Geneesheer gewag het.

Soos al die inboorlinge, is hulle ook bygelowig. Hulle gaan na hul toordokters wat groot somme geld uit hulle ruk, en as hulle uitvind dat daardie medisyne nie help nie, dan kom hulle in wanhoop na ons, en dikwels is dit dan te laat. Hulle glo vas in toormiddels, en het stukies hout, gedroogde insekte, en allerhande oulike goedjies in 'n string om hul nekke. As 'n mens hulle vra waarvoor hulle die goed gebruik, antwoord hulle "Bwanga"—medisyne, of anders is dit toormiddels om die bese geeste weg te hou. As die pasient in die hospitaal sterf, kan nie hy in die nabyheid begrawe word nie. Hy moet huistoe gedra word, en soms is dat 'n loop van vier of vyf dae. Hy word soos 'n hoender saamgebind, in matte toegewerk, en dan hang hulle die bondel oor 'n paal en die familiebetrekkings dra hom huistoe.

Die grootste ambisie in die lewe van die inboorlinge is dat 'n teëgif tussen hul bloedare ingespuut word. Al ly hulle ookal aan watter siekte, meen hulle dat 'n inspuiting hulle sal herstel. As hulle 'n pyn in hul sy, rug, of been het, glo hulle dat 'n inspuiting hulle sal herstel, en soms gebeur dit ook! Hoe meer hulle gemartel word met 'n behandeling, hoe meer doeltreffend sal die medisyne wees, glo hulle. Oor die algemeen is hulle manmoedig en kan taamlik baie pyn verduur.

Aan die groot behoefte om die inboorlinge wat vir behandeling kom, te huisves, is voorsien. Twee rye

netjiese steenhuse is opgetrek, en hulle bly hier solank as hulle gedokter word. Op Sabbat gaan die inboorling-prediker by hulle almal rond en die wat belangstel bring hy na die Sabbatskool.

Nie alleen het ons die mediese werk op die sendingstasie nie, maar van die vergeleë stasie kom versoeke en daaraan word spoedig gehoor gegee, en dus net waar die Dokter kom, word hy hartlik verwelkom.

Waarlik die mediese werk speel 'n belangrike rol in die sendingveld. Ons probeer nie alleen hul sieke liggame te herstel nie, maar ons probeer ook nuwe lewe aan hul siele wat so siek aan sonde is, te bring.

Daar is maar net een wat weet van die uitslae van die werk van die dokter en die deeglike sorg van die verpleegster. Ons saai die saad, God gee die wasdom, en as ons almal eendag rondom die tronk staan, sal ons sien dat ons arbeid nie tevergeefs was nie, en ons sal daarvoor tevrede wees. Mag God ons krag en moed gee om te volhard, en Sy bevel te onthou, "Wees vissers van mense."

N.-T. Konferensie

W. L. Hyatt President
P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 6154, Johannesburg, Tvl.

'n Boodskap vir die Nuwe Jaar

W. LEROY HYATT

ONS het die genoëe om ons broeders en susters in die hele konferensie 'n baie gelukkige Nuwejaar toe te wens, dat die Here se rykste seëninge in 1931 op u mag rus. 'n Ander blad van die lewensreis is vol. "Hoe kan u daarop terugkyk? Het u vordering in die Kristelike lewe gemaak? Het u vordering gemaak in geestelikeid? Het u uself met luste en toegeneënt-hede en al gekruisig? Het u 'n groter belang in die ondersoek van Godswoord? Het u bepaalde oorwinnings oor u eie gevoelens en afkerigheid behaal? O, wat is die verslag van u lewe vir die jaar wat in die onherroepelike ewigheid is?"

"Terwyl u die nuwe jaar ingaan, laat u besluit wees dat u altyd voorwaarts en opwaarts sal beur. Laat u hoër en verhefender as ooit tevore wees. Laat u doel wees om nie na

u eie belange en plesier te soek nie, maar om die werk van u Verlosser te bevorder. Bly nie in die posiesie waar u altyd self hulp nodig het, en waar ander u moet oppas en in die noue weg hou nie. U kan sterk wees en 'n heiligmakende invloed op ander uitoefen. U mag op 'n plek wees waar u sielsbelange kan aangewakker word om aan ander wel te doen, die bedroefde te troos, die swakke te versterk, u getuienis vir Kristus af te lê waar die geleentheid opdaag. Streef om God in alles, altyd, en orals te vereer. Neem u godsdiens in alles. Alles wat u doen, doen dit deeglik. . . .

“U behoort so 'n bepaalde rigting in te slaan dat niemand hom in u misgis nie. Sonder voornemens kan u geen invloed op die wêreld uitoefen nie. U besluit mag goed en opreg wees, maar dit sal misluk tensy God u sterkte is, en u met 'n vaste voor-genome doel voorwaarts beur. U behoort u hele hart in die werk van God te hê. U behoort ernstig te wees om 'n Kristelike lewe te lei. U behoort die voorbeeld van Kristus in u lewe te hê. . . .

“U verstand moet in liefde en reinheid opgevoed en disiplineer word. U behoort en moet 'n liefde aankweek vir geestelike dinge as u wil opwas in genade en in die kennis van die waarheid. Verlange na goedheid en ware heiligheid is reg sover as hulle gaan, maar as dit nie verder gaan nie, sal dit niks baat nie. Goeie voornemens is goed, maar sal nie baat nie tensy dit tenvolte uitgevoer word. . . .

“Die wil moet in die regte rigting beoefen word. Ek wil 'n geheelhartige Kristen wees. Ek wil die lengte en breedte, die hoogte en diepte van volmaakte liefde ken. . . .

“Dis nou die aanvang van 'n jaar van u lewe. Daar is nou 'n nuwe blad in die boek van die waak-engel. Wat gaan die verslag op die blaai wees? Sal dit beklad wees met nalatigheid teenoor God en onvervulde pligte? Mag die Here dit verhoed. Laat 'n verslag hier ingedruk word waarvoor u nie sal skaam wees dat mense en engele dit sal sien nie.”—*“Testimonies,” Deel I, blss. 261-263.*



“Die Gees van Profesie”

Deel VII

W. LEROY HYATT

As ons die openbaring van die gawes van die Gees in die gemeente nagaan, is dit goed om in gedagte te

hou in watter volgorde die ontwikkeling van hierdie gawes duidelik in die Skrif voorkom. Die apostel Poulus verwys na die volgorde in 1 Kor. 12: 28: “En God het sommige in die gemeente gestel, ten eerste apostels, ten tweede profete.” Die apostels het die spesiale werk om die saligheidsboodskap aan die mense te bring. Die woord *apostel* beteken 'n gesant, iemand wat gestuur is. Hulle word in die wêreld gestuur met die ewige Evangelie, en terwyl hulle hul roeping nakom en gemeentes in verskillende plekke stig, dan volgens die bogemelde teks, plaas die Here profete in die gemeentes persone deur wie Hy direk tot die lidmate kon spreek. Dieselfde gedagte kom uit in 1 Kor. 14: 22 waar ons lees: “Profesie is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges. Dus is dit klaarblyklik dat die boodskappe gestuur deur die Gees van profesie bedoel is vir die gelowiges in die gemeente en nie vir die buitemense nie. Ons lees verder dat die boodskappe wat deur die middel kom is “Vir die volmaking van die heilige, vir die werk van die bediening, vir die opbouing van die liggaam van Kristus.”—Efe. 4: 12. Dit is dus duidelik dat ons nooit uit die Gees van Profesie moet aanhaal as ons 'n leerstelling aan ander wil bewys wat nie lidmate is nie. Die Gees van Profesie is ten eerste en vernaamlik vir die gemeente gegee.

Die Here het deur die eeue heen na die laaste dae van die aarde se geskiedenis gekyk en gesien dat daar vele verleidings en vervalsinge sal wees. Daarom het hy Sy volk teen sulke dwalinge gewaarsku. Ons haal een van die waarskuwings uit Mark 13: 22 aan: “En daar sal valse kristusse en valse profete opstaan en tekens en wonders doen en om as dit moontlik was ook die uitverkore te verlei.” Daarom moet ons besonder oppassend wees om enige leerstelling of profesie aan te neem sonder volle bewys dat dit van die Here is. Egter, ons is baie dankbaar dat die Here ons nie aan ons eie oordeel met die dinge gelaat het nie; daar is bepaalde reëls neergelê in die Skrif aangaande 'n ware profeet. Dis ons doel om korteliks 'n paar van die reëls na te gaan, en op te merk hoe bepaaldelik dit vervul was in die boodskappe en ervaringe van Suster E. G. White.

Ons sal ten eerste 'n duidelike en bepaalde reël aanhaal uit Jes. 8: 20: “Tot die wet en tot die getuienis: as hulle nie volgens die woord spreek

nie, is dit omdat hulle geen daaraad in hulle het nie.” Daarom moet alle boodskappe in harmonie met die Wet van God wees, en van krag op almal as die ewige, onveranderlike reël van die wil van God vir die mens. Die boodskappe moet in alle opsigte ooreenstem met die Bybel. Al die geskrifte, van Suster E. G. White was van so 'n aard, en hulle bring die aandag van die leser op die Bybel. Om dit te staaf, haal ons uit haar eie geskrifte aan: “Die Woord van God is voldoende om die mees benewelde verstand te verlig, en kan verstaan word deur die wat enigins 'n verlangete om dit te verstaan. Maar niteenstaande dit alles is daar party wat voorgee dat hulle Godswoord ondersoek, en hulle leef net andersom as wat dit in alle eenvoud leer. Verder, om manne en vroue sonder verskoning te laat, gee God eenvoudige en skerpe getuienisse om hulle terug te bring na die Woord wat hulle nage-laat het om te volg. . . . Daar is niks bykomende lig nie; maar God het die groot waarhede wat alreeds gegee is deur die *Testimonies* vereenvoudig, en deur Sy eie manier wat Hy bepaal het, het Hy dit voor die volk gebring, om hulle verstand daarmee op te wakker en op hulle 'n indruk te maak, dat almal sonder verontskuldiging kan wees. . . . Die *Testimonies* moenie Godswoord verkleineer nie maar ophef, en die aandag van die mense daarop bepaal dat die skone eenvoudigheid van waarheid op almal 'n indruk maak.”—*“Testimonies,” Deel V, blss. 663, 665.*

On wil graag 'n ander teks van die Meester aanhaal uit Matt. 7: 20. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.” Die geskrifte van die Gees van Profesie het nog altyd 'n hoë standaard van Kristelike lewe voorgelê, hulle het die lesers nader na Kristus getrek, en die vrugte van die gawe in die gemeente kan niemand in twyfel trek wat sorgvuldig die boodskappe ondersoek het wat tot ons gekom het nie.

“Elke gees wat bely dat Jesus in die vlees gekom het, is van God, en elke gees wat nie bely dat Jesus Kristus in die vlees gekom het nie, is nie van God nie.” 1 Joh. 4: 1-3. Dit beteken Jesus kom vandag en woon in ons deur Sy Heilige Gees. Dit is in werklikheid die waarheid van die Evangelie. Die groot waarheid leer ons ook uit Suster White se geskrifte. Hulle leer die noodsaaklikheid van Kristus eerste, laaste en altyd te hê.

Die boeke *Desire of Ages, Steps to Christ*, en *Christ's Object Lessons*, bepaal ons aandag vernameklik op die groot waarheid.

Valse profete sal sagte dinge leer in plaas van die "Heilige van Israel" op te hef. In die verband haal ons 1 Joh. 4: 5 aan. "Hulle is van die wêreld: daarom spreek hulle van die wêreld, en die wêreld luister na hulle." Enigeen wat net 'n paar bladsye van Suster White se geskrifte lees, kan sien dat hulle heeltemal ooreenstem met selfverloëning en kruisdra, nie om die wêreldse, vleeslike harte te behaag nie.

Verder het baie hulle teen die geskrifte van die "Gees van profesie" versit. Nie net in die vroeë geskiedenis van die beweging nie, maar al langs die pag, en selfs vandag nog is daar sommige wat die boodskappe aan ons gestuur nie heeltemal glo nie. Die houding van party het Suster White veel foltering van gees gekos. Egter dit was die ervaring waardeur al die ware boodskappers van God moes gaan. Ons lees in Jak. 5: 10, "As 'n voorbeeld van lyding en van lankmoedigheid, my broeders, kyk na die profete wat in die Naam van die Here spreek het."

Ander bepaalde tekse is in Numerie 24: 3, 4 en Daniël 10: 17. Hier leer ons dat 'n ware profeet sy oë oophou gedurende 'n visioen, en dat daar geen asem in sy liggaam bly nie. Dokters en ander wat daarin interesseerd was, het Suster White sorgvuldig ondersoek terwyl sy in visioen was, en hulle het eenparig gevind dat die tweede vereistes nagekom is. Hulle het 'n brandende kers voor haar oë gehou om te sien of sy haar oë vir 'n enkele oomblik sal sluit, maar sy was totaal bewusteloos van alles wat om haar plaasgevind het, terwyl sy die visioene van die ewigheid gekry het. Ook het hulle 'n brandende kers voor haar lippe gehou terwyl sy met luide stem spreek het, maar die kers het eers nie geflikker nie. Ook was 'n spieël voor haar lippe gehou terwyl sy gepraat het, maar geen vog was daarop te bespeur nie en die dokters het versekerd verklaar dat daar geen asem in haar is nie. Toe sy uit die visioen kom en vir die eerste maal asemhaal het 'n dokter gesê: "Die werking is netsoos die van 'n p'sgebore babetjie wat sy eerste asem haal, en dis 'n sekere bewys dat sy nie asem gehaal het nie solank as wat sy in die visioen was." Verskoon 'n persoonlike woord, maar party mag hierin belangstel. My oupa was by toe

party van die ondersoekings gedoen was en het daaraan deelgeneem.

"As julle dan in jul hart miskien mag sê: Hoe sal ons die woord ken wat die Here nie spreek het nie? As 'n profeet in die naam van die Here sal spreek het, en die saak gebeur nie of kom nie, dan het die Here dit nie spreek nie; deur trotsheid het die profeet dit spreek; julle moet nie vir hom vrees nie." Deut. 18: 21, 22.

In ons volgende artikel sal ons 'n aantal voorspellings aanhaal van die Gees van Profesie wat duidelik en onmiskenbaar vervul geword het. Ons vind dat die ervaringe van Suster White in visioene en die boodskappe deur haar pen in harmonie met die vereistes van 'n ware boodskapper van God is soos in die Skrif neergelê is. Ons glo dat die Here vele boodskappe deur haar aan die Kerk van die Oorblyfsel gestuur het.



'n NawEEK op Parys

P. A. VENTER

SABBAT 6 Desember, was 'n dag van grote blydskap en seënige vir die gemeente van Parys. Die hele naweek was vol verrassinge en gebeurtenisse wat lank in onse geheue sal lewe.

Eerw. Hanson het Vrydag namiddag hier arriveer van Bloemfontein. Ons het hom verwag en het voorbereiding gemaak vir sy besoek waarna elkeen met belangstelling uitgesien het. Daarvan was genoeg bewys gelewer in die lewendigheid en roering onder die lede van die Jongeliede Bond. Suster Lloyd en Suster Florrie Cadle was toe net hard besig om die Juniors hulle laaste repetitiesie te gee. Eerw. Hanson se besoek was in verband met die Jongeliede Bond. Hy het die Vrydagaand-diens waargeneem en dit was vir ons baie aandoenlik want so 'n diens het ons nog nooit op Parys gehad nie. Die Juniors het 'n jaar se voorgeskrewe werk afgedaan, en die program van die aand was 'n demonstrasie van wat hulle geleer het. Eerw. Hanson het toe aan sewe Juniors en ook aan Susters Lloyd en Cadle, die vriend-knoppie gesteek, as erkenning van hulle werk.

Sabbatoggend net voor die Sabbat skool begin, hou 'n moterkar langs die kerk stil. Wie kon hierdie vreemde-linge wees? Hulle het begin afklim. Dit was Eerw. Hyatt, Broeder en Suster Willmore, Suster Cameron,

haar dogter en Mej. Ives. Wat 'n verrassing! Ons had byna al die verteenwoordigers van die verskillende departemente in ons werk. Ons het lank na hierdie dag uitgesien en dit het soos 'n droom gekom. Suster Cameron het die Sabbatskool toegesprek, en almal het hulle ore gespits om geen woord te mis wat sy sê nie. Ons is seker haar woorde het nie op dowe ore geval nie, want ons gaan haar wenke noukeurig uitvoer.

Die elfuur-preekdiens het Eerw. Hanson waargeneem en sy vermanings aan oud en jong was vir ons 'n seën en regte voedsel vir die tyd. Die namiddag was weer die beurt van die Jongeliede Bond. Eerw. Hanson was weer ingespan, want ons sien hom mos nie al dae nie. Mej. Ives het ook haar beurt gekry. Sy is die Konferensie-sekretaris van die Jongeliede Bond en ons was bly om haar hier te hê. Ons wou nou maar net drie tabernakels maak en hulle hier hou.

Na hierdie diens het Suster Cameron die offisiere van die Sabbatskool saamgeroep, en in 'n nuttige, maar veels te kortte uurtjie, het ons sake in verband met die Sabbatskool bespreek. Ons moes ons vriende toe vaarwel sê want hulle moes terug Johannesburg-toe.

Saterdagmiddag het ons doopklas weer bymekaar gekom. Die opkoms en belangstelling hierin was goed. Na een en ander onderrig het sewe kandidate aansoek gedoen om die volgende dag gedoop te word.

Sondagmôre om elfuur het ons op die wal van die Vaalrivier bymekaar gekom; ook hier was daar 'n goeie belangstelling en opkoms. Die ernstigheid van hierdie plegtigheid het elke hart aangepak, en ons het die teenwoordigheid van God's Gees gevoel. Onder hierdie omstandighede is sewe van ons jongmense gedoop. Dieselfde aand was aan hulle saam met 'n ouer suster wat voorheen gedoop was, die regterhand van gemeenskap gegee, en hulle was as lede van die Parys-gemeente aangeneem.

Die Sondagaand-diens het Broeder Hanson waargeneem, en sy woorde oor die volk wat God ten tweede maal uitvergaar, was 'n ernstige boodskap vir die uur.

Ons waardeer die opoffering van onse broeders en susters wat ons kom besoek het, en ons verseker hulle dat die besoek 'n groot hulp vir ons gemeente was. Broeders en susters, bid vir die werk op Parys.

African Division Outlook

Published monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists,
(African Division)

Subscription price, 2/6 per annum
Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMIN Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
A. E. Nelson Secy.-Treas.
J. E. Symons Cashier.
A. N. Tonge Medical Secy.
E. D. Dick Field and Educational Secy.
J. I. Robison Mis. Vol. Secy.
W. B. Commin Sab. School Secy.
L. A. Vixie H. M. and Field Mis. Secy.

General News

Brother R. P. Robinson and family are visiting at the Cape during their furlough.

Dr. Sturges has left for England and during his stay overseas will take post-graduate work.

Brethren Morton, Hurlow and Billes recently left the Cape on a trip to Port Elizabeth to attend Cape Conference committee meetings.

Elder Wright returned from a trip to Rhodesia and Nyasaland on Friday, the 23rd, and expects to leave very soon for Angola.

We are happy to report that a letter has been received from Brother Palmer advising that Sister Palmer has now returned home from hospital and is much improved in health.

We regret to report the serious illness of Sister Davy, of Nyasaland. Our sister is staying at the Wynberg Cottage Hospital. The last information to hand is that Sister Davy is slowly regaining her strength.

The Sentinel Publishing Company reports sales of books for the year 1930, at £9,614-13-8. This total may be divided as follows: Subscription books, £6,715-4-6; Home Workers and Trade books, £1,211-10-7; Pamphlets and Tracts, £289-19-5; Native Publications, £1,397-19-2.

Recently the Division Sabbath School Department received orders from local conference Sabbath school secretaries for eight five-year book marks. What a splendid record of daily study of the lesson and faithful attendance earned by these eight persons.

Brother J. J. B. Combrinck, of the Sentinel Publishing Co., spent the month of January in the canvassing field. He laboured in Caledon a portion of the time, and reported very severe and bitter opposition on the part of some of the ministers. But, says Brother Combrinck, "the Lord has opened doors and hearts for me in a most marvellous way."

The Division treasurer has received a draft of £40 from one of the Missionary Volunteer societies in Victoria, Australia as a contribution toward the leper work in Nyasaland. The gift is much appreciated, and shows the interest of the young people in Australia in the efforts of the missionaries in Africa, and the desire to support the noble efforts being put forth to relieve those suffering from the dreaded disease of leprosy.

What is a Boy?

He is a person who is going to carry on what you have started.

He is to sit right where you are sitting, and attend to those things you think are so important, when you are gone.

You may adopt all the policies you please, but how they will be carried out depends upon him.

Even if you make leagues and treaties, he will have to manage them.

He is going to sit at your desk in the Senate, and occupy your place on the Supreme Bench.

He will assume control of your cities, states, and nation; your prisons, churches, schools, universities, and corporations.

All your work is going to be judged and praised or condemned by him.

Your reputation and your future are in his hands.

All your work is for him, and the fate of the nation and of humanity is in his hands.

So it might be as well to pay him some attention.—"Boy's Club News."

The Lord Hath Need

The evening's cup of dew still damp,
The rising mists just lifting high,
And morning's golden chariot race
Is on—with its unwearied strength to fly.

The restless breeze from Olivet's brow
Trembles the leaves adown the way
As Jesus with the twelve draw nigh
To Bethpage this triumphant day.

The air seems burdened with some joy,
A hush seems brooding in the air
As Jesus bids the disciples go
And loose the colt all waiting there,
And if the master ask them why
"The Lord hath need" they should reply.

And e'en today as long ago
We catch the echo of that voice
As, His disciples, we obey
And bring the object of His choice.

The colt He still doth need today,
And the triumphant throng draws nigh
For we can hear hosannas ring
The vibrant echoes thrill the sky.

He hath no hands but thine to call,
No other feet can He employ,
His loving "go and hither bring"
"Untie" it, and 'T will come with joy.

The gold and silver His they are
The wealth of hill and dale He claims,
They're "tied" out yonder—"hither bring"
For the triumph of your King.

—Bertha Spear Boger.

Expiration of Subscriptions

DID your subscription to the OUTLOOK expire at the close of 1930? If so you will be advised by your conference or mission field, and we hope you will decide to renew your subscription promptly. We are anxious that our church paper for 1931 will be full of interest to its readers.

* *

Wanted

EUROPEAN or Coloured female cook to take full charge of kitchen. Apply, C. M. Blaine, Sanitarium, P. O. Lilani, Nr. Greytown, Natal.

* *

No one thing does human life more need than a kind consideration of the faults of others. Our own imperfections should teach us to be merciful."
—Henry Ward Beecher.